# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M. |
| Type: Mid-Year Exam | Moderator: Teles, K. |
| Date: 23 June 2021 | Grade: 7 Springbok |
| Marks: 76 Marks | Time: 60 minutes |

Name:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

# Materiaal Gesigmaskers en Covid-19



**Waarom het die Suid-Afrikaanse regering gesigmaskers verpligtend gemaak om te dra wanneer jy die huis verlaat?**

1 Die Suid-Afrikaanse regering het inligting van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) gebruik om die reël te maak dat alle mense wat hul huise verlaat, verplig is om 'n eenvoudige materiaal gesigmasker te moet dra om die verspreiding van die Covid-19, Corona virus, te vertraag en te voorkom dat mense wat dalk die virus het en dit nie weet nie, dit versprei.

**Moet Jy 'n Materiaal Gesigmasker Koop?**

2 Die Suid-Afrikaanse departement van gesondheid het gesê dat mense moet sorg dat hul neus en mond bedek is as hulle die huis verlaat om inkopies te gaan doen of die dokter gaan besoek. Jy kan self 'n materiaal gesigmasker maak of een koop. Jy kan selfs dinge wat jy reeds het, soos serpe, kopdoeke of t-hemde, gebruik om jou neus en mond te bedek.

**Hoe Om 'n Materiaal Gesigmasker te Dra**

3 'n Materiaal gesigmasker moet korrek gedra word om jou te kan beskerm. Jou neus en mond moet bedek wees met so min as moonlik gapings aan die kante van die masker. Die bokant van die masker moet net onder jou oë wees en die onderkant moet jou ken bedek.

## 'n Paar Belangrike Dinge Om Voor Uit Te Kyk:

- Dra altyd 'n skoon masker.
- 4 Maak seker dat jy jou hande deeglik met seep en warm water gewas het, voordat jy die masker aansit.
- Maskers moet goed pas, maar moet ook gemaklik wees.
- Hulle moet ordentlik met toutjies of oorlusse vasgemaak word om seker te maak dat hulle nie afval nie.
- 'n Masker moet van 'n paar lae materiaal gemaak word, maar jy moet steeds maklik kan asemhaal.
- Maak seker dat die masker gewas en gestryk kan word sonder dat dit beskadig word of van vorm verander.
- Maak seker dat jy nie aan jou oë raak as jy 'n masker dra nie.



## Kan Jy 'n Chirurgiese Masker Dra?

5 Chirurgiese maskers en N-95 maskers moet nie deur net sommer enigeen gekoop of gedra word nie. Hierdie tipe maskers is belangrike toerusting vir dokters, verpleegsters en paramedici. As mense van die publiek hierdie maskers koop, sal daar nie genoeg voorraad vir die mense wees wat dit nodig het om hul werk te doen nie.

## Moet Materiaal Maskers Gereeld Gewas Word?

6 Ja. Hulle moet daagliks met waspoeier gewas word nadat dit gebruik is. Dit is 'n goeie idee om twee maskers te hê, sodat die een gebruik kan word, terwyl die ander een in die was is. 'n Was met waspoeier en stryk na dit droog is, word aanbeveel.

## Hoe Haal Jy 'n Masker Op 'n Veilige Manier Af?

7 Wanneer jy jou masker afhaal moet jy versigtig wees om nie aan jou oë, neus en mond te raak nie. Jy moet dadelik hande was nadat jy dit afhaal en die masker dadelik in die was sit.



1. Watter nuwe reël het die regering gemaak? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

2. Waarom moet mense materiaal gesigmaskers dra as hulle uit die huis uit gaan? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

3. Wat kan jy gebruik as jy nie 'n masker het nie? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Hoe moet maskers gedra word? (4)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

5. Noem drie mense wat 'n chirurgiese of N-95 masker mag dra. (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

6. Wat moet jy met jou masker doen sodra jy dit afgehaal het? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Onderstreep die regte antwoord? (1)

   a. Die gesigmasker moet jou oë bedek.
   b. Dit moet jou neus en mond bedek.
   c. Dit moet ook jou ore bedek.

8. Waarvoor staan WGO? (1)

___________________________________________________

9. Wat is die naam van die virus wat die huidige pandemie veroorsaak? (1)

___________________________________________________

10. Dink hy dat dit 'n goeie idee is dat President Ramaphosa 'n masker dra as hy op TV verskyn? Gee a rede om jou antwoord te staaf. (2)

___________________________________________________

___________________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling A)

## Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

Vraag 1: Voltooi die volgende sinne met die korrekte antonieme uit die raampie (5)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| skaars | beledig | wantrou | onwillig | neerslagtig |

a. Bakang is nie opgewek nie, hy is __________________.

b. Hy vlei nie Maele nie, hy _______________ haar.

c. 'n Mens kan iemand wat skinder nie vertrou nie, jy moet hom _______________.

d. Dansmaats is volop, maar vriende ________________.

e. Maele is gewillig om te vergewe, maar Bakang is ______________.

Vraag 2: Verander die volgende sinne van die bedrywende vorm na lydende vorm. (3)

a. Nomsa ry 'n BMW.

______________________________________________

b. Sy het die waarheid gepraat.

______________________________________________

c. Sy dra nuwe skoene.

______________________________________________

Vraag 3: Voorsien die volgende sinne met die korrekte leestekens. (10)

a. die dominee hulle is kwaad vir nomsa

______________________________________________

b. die dominee die burgemeester die bure en oom kerneels is moedeloos.

______________________________________________

______________________________________________

c. sy kan oor alles praat want sy is nie dom nie.

______________________________________________

Vraag 4: Verander die volgende sinne van die indirekte na die direkte rede. (2)

a. Sy sê Pieter is 'n regte jakkals.

_______________________________________________

b. Juffrou vra waar is sy huiswerk.

_______________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Doen 'n skriftelike advertensie vir jou restaurant volg die volgende stappe.

Dit moet:

- stimulerend wees
- beinvloedryk
- beskrywend
- oortuigend
- dit moet 'n mikpunt hê
- inligting
- kontakte

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Beplanning | 5 | |
| Inligting | 5 | |
| Gebruik van lettertipes en groottes | 5 | |
| Illustrasis en simbole | 5 | |
| Kleur | 5 | |
| Grammatika, spelling en leestekens | 5 | |
| Gepaste woordkeuse | 5 | |
| Gebruik van manipulerende taal | 5 | |
| Totaal | 40÷2=20 | |

## Afdeling D: Luister en Praat

(Novelle) Raider van Manenberg. (hoofstuk 8)

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Hoorbaarheid | 5 | |
| Kan verskillend stemme beklemtoon | 5 | |
| Maak gebruik van leestekens | 5 | |
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Totaal | 20 | |